

'N PERSOONLIKE ERVARING

# Die Argentynse Afrikaner

## van 1980

GILBERT DUROW

Universiteit van Durban-Westville

DIT DUUR nege uur per straler na Buenos Aires, reg wes van Kaapstad, en sowat twee en 'n driekwart uur met 'n binnelandse vlug na die suide, voordat jy in Comodoro Rivadavia aankom — die konsentrasiepunt van die Afrikanergemeenskap in Argentinië.

Hierheen het daar om en by 900 Boere aan die begin van die twintigste eeu verhuis om 'n nuwe heenkome te gaan soek tydens die vertroebelde omstandighede wat net na die Anglo-Boereoorlog aan die suidpunt van Afrika geheers het.

Vra jy hierdie mense waarom hulle of hulle voorouers (daar lewe nog ongeveer ses van die oorspronklike emigrante) hulle vaderland verlaat het, is die algemene rede die Britse oorheersing en die ontwrigting wat die oorlogsituasie teweeggebring het. Andere beweer dat 'n kleiner groepie hulle by die trekke aangesluit het om 'n fortuintjie in te saml en dan terug te keer na hulle land van herkoms. Hoe dit ook al sy, hulle almal was deel van die Afrikanerdiaspora wat teen die einde van die vorige eeu en die begin van die huidige eeu plaasgevind het. In hulle geval het dit gebeur op 'n tydstop toe die Argentynse regering 'n vasberade veldtog geloods het om immigrante met die ondernemingsgees en die deursettingsvermoë van mense soos die Boere na Suid-Amerika te lok.

Alhoewel hulle 'n paar jaar later as die egte Dorslandtrekkers hulle land verlaat het, kan die wêreld waarheen hulle verhuis het, in 'n sin ook as 'n soort 'dorsland' beskou word. Dit is nie verniet dat die eerste Boere-intrekkers in hierdie gebied sommer vroeg-vroeg begin praat het van hulle nuwe tuiste as 'vrek-van-dors' nie. Terwyl 'n mens binne 'n kort rukkie vlieg van die provinsie Buenos

Aires met sy pragtige gelyk groen landskap na die verafgeleë provinsie Chubut, verander die wêreld onder jou na 'n Karoo-agtige uitgestrektheid sover as wat die oog kan sien. Die egalige platheid van die noordelike streke waar die hoofstad geleë is, word nou 'n gebroke oppervlakte met sy rante, klowe en die pampas wat terrasgewys die binne-land instrek.

Wanneer jy in Comodoro Rivadavia aankom, moet jy nie dink dat jy sommer om die eerste hoek 'n Afrikaner gaan raakloop nie, want in en om hierdie jong stad waarin sowat 120 000 mense woon, is daar nie meer as om en by 400 nasate van die oorspronklike Boere-intrekkers oor nie.

Met 'n adres of twee in die hand, soek jy in jou gebroke Spaans na 'n Afrikaner wat jou behulpsaam kan wees om jou voete in 'n vreemde wêreld te vind. As jy in jou aanvanklike doel geslaag het, is dit opwindend om hier, 1 900 kilometers suid van Buenos

San Martin — die hoofstraat van Comodoro Rivadavia.





Hier staan mnr. Luis (Ras) Trichard op die stoep van sy mooi dubbelverdiepinghuis op sy plaas Lagune Grande.

Aires, in die koue van 'n vroeë Septembermiddag aan die voet van 'n gelerige sand-en-gruisberg, 'n hele Atlantiese Oseaan ver van jou tuiste, in jou eie taal te staan en gesels oor alles en nog wat. Jy gaan terug na jou hotel met 'n uitnodiging om die komende Sondag nog meer Boere te kom ontmoet na afloop van die diens in die Iglesia Reformada (die Gereformeerde Kerk).

In die kerk tref dit jou onmiddellik hoe anders die wêreld van jou oorsese taalgenote geword het as dié een waaraan jy gewoon is — die diens word in Spaans gehou! Jy sit en kyk na die kerkgangers om jou en jy besef dat die oorgrote meerderheid nog nooit Suid-Afrika gesien het nie. Watter raakpunte gaan jy vind om met hierdie mense kennis te maak? Het julle nie al sover uitmekaar gedryf dat julle niks meer het om vir mekaar te sê nie?

Buite kom jy baie gou agter dat jou bedenkings ongegrond was. Arie Dekker stel jou voor aan Gert de Lange, Daniel Botha, oom Jaap Eloff, aan Van Wyks, De Bruyns, Venters, Krugers, afstammeling van die Van der Merwes, ens. Gert de Lange (met 'n registrasiefout deur die owerhede verander na De Langer) nooi jou uit om dié middag saam te ry na sy swaer, oom Enrique Grimbeek, se estancia (plaas) Begoña (uitgespreek *be-ghonja*), omtrent 29 kilometer uit die dorp. Jy klim in die chata (bakkie), hou stil by 'n petrolpomp om nafta (petrol) in te gooi, ry deur die voorstede Kilometro 3, 4 en 5, hou aan die regterkant van die pad, by talle pompe verby wat olie uit die aarde trek en jy kies koers op Ruta Tres (Roete Drie — die

hoofpad na die noorde) el campo (die platte-land) in.

Op die plaas ervaar jy die eerste keer die gasvryheid van die Argentynse Boer. Beleefd word aan jou gevra of jy nie saam maté ('n sosiale 'tee-drankie') wil drink nie, wetende dat jy as vreemdeling miskien nie van hier die tradisionele verfrisser sal hou nie. Jy neem uit nuuskierigheid die houertjie met die pypie daarin (die maté en bombillo) en begin versigtig die voggies opsuig. Jou reaksie word fyn dopgehou en wanneer die ongewone smaak, wat effens bitter vir die ongewyde proe, begin deurwerk, glimlag die omsittendes simpatiek oor jou pogings om nie jou eerlike reaksie te verrai nie. Die gasvrou begryp jou verleentheid, bied jou 'n welkome koppie koffie aan en die geselskap verloop verder gesellig terwyl die houertjie en pypie van die een persoon na die ander aangegee word — feitlik soos by 'n seremonie waar die vredespyp die ronde doen.

Oom Enrique nooi jou uit om oor 'n week of wat 'n paar dae op die plaas te kom deurbring. In 'n seldsame groen kloof lê die werf waardeur 'n kristalhelder waterstroom vloei. Hier is soveel water dat Comodoro Rivadavia 'n gedeelte van dié skaars lewensmiddel van die Begoña kry — 'n aanvulling by die dorp se voorraad wat hoofsaaklik kom van 'n meer by Sarmiento, 'n klein dorpie ongeveer 160 kilometer wes van Comodoro waar daar ook 'n groepie Afrikaanse afstammeling woon.

Die eerste aand op die plaas bring jy deur in die heerlik gesellige, warm kombuis — net soos in die koue streke van Suid-Afrika is dit die gewone bymekaarkomplek, lekker knus teenaan die houtstoof. Buite woed die feitlik nimmerophoudende westewind wat soms snelhede van 140 en meer kilometer per uur in daardie dele kan bereik, en jy is bly dat jy nie so direk blootgestel is aan hierdie genadelose element soos die Boerepioniers wat sowat 78 jaar gelede die omgewing leefbaar moes maak vir hulle en hulle nageslag nie. En jy verneem dat Septembermaand mak is in vergelyking met die hoogtepunt van die winter wanneer sneeustorms so kwaai word dat talle skape soms weke lank onder 'n wit kombers moet deurbring voordat die boer hulle ontdek. Dit het al gebeur dat dié diere van mekaar se wol begin vreet het om aan die lewe te bly. In 1925, word aan jou vertel,

het die bewoners van hierdie kontrei so 'n verwoestende storm beleef dat talle Afrikaners feitlik onherstelbare finansiële skade gely het.

Om alles te kroon, het die Argentynse regering besluit om gedurende daardie tyd die skuld op die plase op te eis; alles dra daartoe by dat die Boere wil terugkeer Suid-Afrika toe. Die repatriasiegedagte, miskien reeds sluimerend, kry meer momentum en na ongeveer tien tot twaalf jaar word 'n groot groep se ideale verwesenlik toe meer as die helfte 'n jaar of twee voor die Tweede Wêreldoorlog in sarsies voet aan wal gesit het in 'Afrika' (vandag verwys die Afrikaanse Argentyne nog na 'Afrika', die land waarvandaan hulle voorouers gekom het — miskien omdat Suid-Afrika nog nie as onafhanklike staat bestaan het met die uittog teen 1902 en later nie).

Jou gasheer neem jou die volgende paar dae op 'besoekreis' na 'n paar ander Boerse plase en jy kan dit nie verhelp om bewondering te kry vir die deursettingsvermoë van hierdie mense in 'n gebied wat vir baie van ons in Suid-Afrika as feitlik onherbergsame wêreld beskou sal word nie. In 'n hoofsaaklik bossie- en struiklandskap het die Boere-

**Mnr. Tobie Norval by 'n Argentynse braaivleis (of Asado)**



nasate in heelparty gevalle florerende plase tot stand gebring waar daar aan die begin van die eeu byna geen beskawingselemente bestaan het nie. Pragtige, gesonde merinoskape wei tussen die ylerige natuurplante op die uitgestrekte pampas of in die cañadones (klowe en valleie). Jy hoor dat dié soms reuseplase aan die gang gehou word deur 'n handjievul werkers omdat handlangers nie so geredelik beskikbaar is as hier by ons nie. As die skaapboer nie alles alleen behartig nie, het hy miskien 'n peón (arbeider) of twee om hom by te staan.

Om groter projekte aan te pak, het die Boere 'n stelsel van gesamentlike optrede ontwikkel. Vanaf die beginjare toe vrouens saamgespan het om paaie deur klipversperings te kap tot vandag toe, is daar onderlinge steun wanneer byvoorbeeld lammermerktyd aanbreek. Elke boer kondig 'n dag aan waarop hierdie belangrike jaarlikse gebeurtenis so teen die einde van die jaar op sy eiendom gaan plaasvind en dan daag die hele omgewing se liggaamskrachtige mans op om handjie by te sit. 'n Tydrowende en vermoeiende taak word bespoedig — 'n kwessie van die een hand was die ander.

As die lammermerkdag verby is, is dit tyd vir 'n gesellige samesyn om die braaivleisvuur. 'n Lam of jong skaap word op 'n asador ('n implement wat soos 'n ysterkruis lyk) oopgespalk en teen 'n hoek van ongeveer 70° langs die vuur geplaas sodat die hitte die sagte vleis heerlijk gaar braai. Met tussenposes sprinkel die kok 'n spesiale sous — genoem salmuera — oor die dis en wanneer die vleis na so 'n een en 'n halfuur gereed is, sny elkeen vir hom 'n stuk af en hy gaan sit in die kring van die manne wat dié dag kom hand bysit het. 'n Wynsak (of bota) word van hand en mond na hand en mond aangegee en as die feesmaal verby is, staan almal huis se kant toe.

Maar dis nie net op die plase waar ons rasgenote sukses behaal het nie. In die 'oliehoofstad' van Argentinië (Comodoro) tref jy Afrikanerafstammelingen aan wat 'n verskeidenheid beroepe beoefen. Daar is onder andere die Blackies en Norvals wat hulle eie karweiersake bedryf en hulle is voortdurend besig om hulle vragte oor die lengte en breedte van die gebied in hulle camiones (vragmotors) te vervoer. Arie Dekker het sy eie motorhawe net 'n entjie van waar Johnie

Venter nog tot onlangs medebestuurder van 'n motorbandsaak was — tans besit laasgenoemde en sy vrou 'n eie kinderklereonderneming. Laer af, na die middedorp se kant toe, is die agt-en-twintigjarige Vera Kruger bestuurderes van 'n mediese hulpdiensstak wat na die belange omsien van groot maatskappye dwarsdeur die provinsies Chubut en Santa Cruz. Op die lughawe is Orgie Venter, 'n elektroniese tegnikus, betrokke by die verkeerreëling op die bedrywige roete tussen die noorde en die suide. Ook in die middedorp tref ons die kantoor aan van adv. Gerardo Myburg (die *h* het weggeval en die van word *mieboerg* in Spaans uitgespreek).

Ook verskeie voltydse plaasboere besit huise in die dorp. Oom Tobie Norval woon in Comodoro Rivadavia en saam met een van sy seuns behartig hy sy plase sowat 120 kilometer van die dorp. Dan is daar nog 'n aantal jonger mans wie se gesinne tydens die skooltermyn in hulle dorpshuise woon sodat die kinders se opvoeding nie verwaarloos word nie — die opleiding geskied in Spaans en strek, net soos by ons, formeel oor 'n periode van twaalf jaar.

Maar hoe is dit gesteld met die Afrikaans van die oorblywende handjievul Boereafstammeling in Argentinië? Hierdie vraag kan net in die breë in 'n artikel van hierdie

**Die Gereformeerde Kerk in Comodoro Rivadavia.**



**Die watteryke werf van mnr. Enrique Grimbeek se plaas Begoña.**

aard beantwoord word — eintlik sal ons moet volstaan met 'n algemene indruk oor die stand van die taal aldaar.

Die Afrikaans van hierdie mense, met sy andersoortige intonasiepatroon, klanke wat effens skerper op die oor val, 'n tempo vinniger as in die meeste dele van Suid-Afrika, Spaanse elemente wat volop ingeweeft word, ens., is vinnig besig om uit te sterf. As 'n mens in ag neem dat die jongste egpaar wie se huistaal nog Afrikaans is, hier om en by 50 jaar oud is, en 'n mens stel die lewensverwagting op 70–75 jaar, is dit logies om te aanvaar dat Afrikaans as gebruikstaal nie langer as nog so 20–25 jaar sal voortbestaan nie.

Die hoofredes vir die verdwyning van dié taal is voor die hand liggend: die minderheidsposisie wat Afrikaans in Argentinië beklee en die geografiese afsondering van die taalbron in Suid-Afrika. Hoe kan plus-minus 150 mense wie se huistaal heeltemal of gedeeltelik Afrikaans is (die res het alreeds verspaans), hulle taal handhaaf ten midde van 'n totale Spaanssprekende bevolking van oor die 25 000 000 en dit nog so ver van hulle stamland af?

'n Besoek aan 'ons' mense was die moeite werd. Jy word lief vir hulle met hulle behulpsaamheid, gasvryheid, pretensieloosheid — jy raak ook op 'n onverklaarbare wyse geheg aan Comodoro Rivadavia, 'n wêreld wat vir jou aanvanklik koud, windrig, onverbiddelik gelyk het. En dan verstaan jy ook waarom hierdie mense hier aanbly: dit het vir hulle 'n tuiste geword en Argentinië hulle vaderland. Soos een oom gesê het: 'Wanneer Jody Scheckter wen, is ek bly maar wanneer Carlos Reutemann wen, is ek nog blyer'.